Die oorvol Vragskip in aMEIzing 2023

WELKOM aan al die nuwe intekenare! Ek kuier een keer per maand per e-pos en beloof om jou nie katswink te gooi met Elsabé's in die INBOX nie.

Wat gebeur hierdie maand?
Vrystelling van die 2e uitgawe van **RYK ARMGAT: 25 Mei 2023.**
Julle is die eerste wat die omslag sien!!



Die e-boek is op pre-order by Amazon. Jy koop dit nou teen 'n pre-order afslag van $4.99 excl vat en Amazon sal die e-boek aan jou beskikbaar stel op die dag van vrystelling: 25 Mei.
Vanaf 25 Mei is die e-boek waarde: $5.99 excl vat.
Sagteband-pryse sal vroeg in Junie beskikbaar wees.
Natuurlik is daar weer 'n spesiale afslag vir Nuusbrief-intekenare.
Lees meer oor die nuwe Ryk Armgat op www.elsabewelman.co.za.
Ryk Armgat is boek 1 in die trilogie: Die Berg-broers.

Kompetisie uitslag van Ryk Armgat voorblad
Ek het min inligting gegee, aspris. Jammer!! Ek wou sien van watter perspektief julle die titel sien, want dit kan 'n aanduiding gee van wat in 'n leser se kop vassit as hy/sy die titel sien. Die wenner van Beklitsde Kersfees is **Maryna van Wyk.** *Dankie vir almal van julle wat saamgespeel het.*

Beoordelaars se kommentaar: Die kar weerspieël die armoede/rykdom, en die daisies daardie "ryk" dinge wat geld nie kan koop nie. BAIE GELUK, Maryna. Soos ek vooraf gewaarsku het, gaan ek my eie voorblad kies, maar die essensie van die roman is in die foto saamgevat.

Waarmee is ek besig?

- Klippe kan Kraak, Boek 2 in die Berg-broers-trilogie se eerste draft is klaar. Na die publisering van Ryk Armgat sal ek hom weer aandurf voordat ek my beta-lesers se hulp inroep.
  Foto bedekte voorblad
- VIVA gee e-boek kortverhaalbundels uit. Ek is besig om vyf van my kortverhale af te stof om in te stuur. Hou duim vas.
- Op pad na Grysberg is ’n roman wat geskryf is deur ’n klompie skrywers – elkeen ’n hoofstuk. ’n Soortgelyke initiatief is in proses, waar 2 skrywers saam ’n kortverhaal skryf. Ek is genader om daaraan deel te neem. Ja, toemaar, ek het ook gevra; Hoe de donkie doen mens dit? Ek sal eers later daardie antwoord kan gee. ’n Uitdaging is dit wel.

Nog leesstof van mede-skrywers.
Die eerste twee is reeds vrygestel. Kliek op die voorblad om meer te lees oor elke boek en om te bestel.

Ek wil by jou hoor. Op watter e-boek platform lees jy? Amazon Kobo Smashwords Libby

Dit maak vir ons as skrywers saak... ons moet weet waar is dit die geld/moeite werd om ons boeke te verkoop.

My groetwoord sluit in ’n groot dankie namens elke liewe skrywer wie se boeke jy lees. Julle voltooi elke boek se reis (journey).



My kontakbesonderhede:
Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)
skryf@elsabewelman.co.za
www.elsabewelman.co.za
Raak ook my vriend op:

https://www.amazon.com/stores/author/B08DMRBV7W
https://www.tiktok.com/@elsabewelmanskrywer
https://www.goodreads.com/author/show/17229817.Elsab_Welman
https://za.pinterest.com/elsabewelman7/
https://www.instagram.com/elsabewelman/
https://www.facebook.com/elsabewelmanskrywer/